BUITENGEWONE OFFISIELE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

OFFICIAL GAZETTE EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

6 d | Saterdag, 25 April 1931. | WINDHOEK | Saturday, 25th April, 1931. | No. 418

INHOUD.

Bladsy

Proklamasie —

No. 20. Territoriale Toelaag (Onderwysers en Matrones) Proklamasie 1931 7253

CONTENTS.

Page

Proclamation —

No. 20. Territorial Allowance (Teachers and Matrons) Proclamation, 1931 7253

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE ALBERTUS JOHANNES WERTH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 20 van 1931.]

NADEMAAL by regulasies 6 en 12, gepubliseer onder Goewermentskennisgewing No. 129 gedagteken die dertiende dag van September 1926 en deur die Administrateur vasgestel kragtens die bevoegdheid hom verleen by artiekel *eenhonderd ses-en-vyftig* van die Onderwysproklamasie 1926 (Proklamasie No. 16 van 1926), 'n skaal van plaaslike toelaag betaalbaar aan sekere klasse van onderwysers en aan matrones in skoolhostels voorgeskrywe is;

EN NADEMAAL dit wenslik is om die voormelde regulasies met terugwerkende krag vanaf die eerste dag van April 1931 te wysig;

SO IS DIT. dat ek, op grond van en kragtens die bevoegdheid my verleen, hierby proklameer, verklaar en bekend maak, as volg:—

Wysiging van regulasie, wat 'n skaal van plaaslike toelaag vir onderwysers voorskrywe.

1. Regulasie 6 van die regulasies gepubliseer onder Goe wermentskennisgewing No. 129 gedagteken die dertiende dag van September 1926 word hierby geskrap en vervang deur die volgende nuwe regulasie, met ingang vanaf die eerste dag van April 1931:—

> 6. Onderwysers in skole vir blanke kinders, onderwysers in Regeringskleurlingskole, blanke onderwysers in erkende sendingskole en sendingopleidingskole en nieblanke onderwysers in erkende sendingskole vir kleurlingleerlinge kry territoriale toelaag volgens die selfde skaal en onderhewig aan die selfde beperkings en voorwaardes as van tyd tot tyd van toepassing is op staatsamptenare, wat onder die Administrasie dien en wat 'n soortgelyke salaris trek. Al die onderwyseresse word vir die doel van territoriale toelaag soos ongehude onderwysers behandel.

Wysiging van regulasie, wat skaal van plaaslike toelaag vir matrones in skoolhostels voorskrywe.

2. Regulasie 12 van die regulasies gepubliseer onder Goewermentskennisgewing No. 129 gedagteken die dertiende dag van September 1926 word hierby geskrap en vervang deur die volgende nuwe regulasie met ingang vanaf die eerste dag van April 1931:—

> 12. Matrones wie se eggenote geen territoriale toelaag ontvang nie, kry 'n territoriale toelaag van £18 per jaar; met die verstande dat die Administrateur na goeddunk betaling van 'n hoër toelaag, wat in geen geval £36 per jaar tebo mag gaan nie, aan 'n matrone met afhanklikes mag bewillig.

Administrateur kan sy regulasies, wat skaal van territoriale toelaag vir onderwysers en matrones voorskrywe, verander of herroep.

3. Regulasie 6 en 12 van die regulasies gepubliseer onder Goewermentskennisgewing No. 129 gedagteken die dertiende dag van September 1926, soos by hierdie Proklamasie gewysig, kan deur die Administrateur by regulasie vasgestel kragtens die bevoegdheid verleen by artiekel *eenhonderd ses-en-vyftig* van die Onderwysproklamasie 1926 (Proklamasie No. 16 van 1926) verander of herroep word.

Tietel.

4. Hierdie Proklamasie kan aangehaal word as die Territoriale Toelaag (Onderwysers en Matrones) Proklamasie 1931.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my handtekening en seël te Windhoek op hierdie vier-en-twintigste dag van April 1931.

A. J. WERTH,
Administrateur.

PROCLAMATION

BY HIS HONOUR ALBERTUS JOHANNES WERTH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 20 of 1931.]

WHEREAS by regulations 6 and 12 published under Government Notice No. 129 dated the thirteenth day of September, 1926, and made by the Administrator under the powers vested in him by section *one hundred and fifty-six* of the Education Proclamation, 1926 (Proclamation No. 16 of 1926), rates of local allowance payable to certain classes of teachers and to matrons in school hostels were prescribed;

AND WHEREAS it is expedient to amend the said regulations with retroactive effect as from the first day of April, 1931;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers vested in me, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

Amendment of regulation prescribing rates of local allowance for teachers.

1. Regulation 6 of the regulations published under Government Notice No. 129 dated the thirteenth day of September, 1926, is hereby cancelled and the following new regulation is substituted therefor, with effect from the first day of April, 1931:—

> 6. Teachers in schools for European children, teachers in Government Coloured Schools, European teachers in recognized mission schools and mission training schools and non-European teachers in recognized mission schools for coloured pupils shall receive territorial allowance at the same rates and subject to the same restrictions and conditions as apply from time to time to officers of the Public Service serving under the Administration who are in receipt of similar salaries, all female teachers being treated as unmarried teachers for the purpose of territorial allowance.

Amendment of regulation prescribing rates of local allowance for matrons in school hostels.

2. Regulation 12 of the regulations published under Government Notice No. 129 dated the thirteenth day of September, 1926, is hereby cancelled, and the following new regulation is substituted therefor, with effect from the first day of April, 1931:—

> 12. Matrons whose husbands are not in receipt of territorial allowance shall receive territorial allowance at the rate of £18 per annum, provided that the Administrator may in his discretion authorise payment to a matron with dependants of an increased allowance which shall in no case exceed £36 per annum.

Administrator may by regulation alter or rescind regulations prescribing rates of territorial allowance for teachers and matrons.

3. Regulations 6 and 12 of the regulations published under Government Notice No. 129 dated the thirteenth day of September, 1926, as amended by this Proclamation, may be altered or rescinded by the Administrator by regulation made under the powers conferred by section *one hundred and fifty-six* of the Education Proclamation, 1926 (Proclamation No. 16 of 1926).

Title.

4. This Proclamation may be cited as the Territorial Allowance (Teachers and Matrons) Proclamation, 1931.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this Twenty-fourth day of April, 1931.

A. J. WERTH,
Administrator.

John Meinert Ltd., Windhoek.